

## VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

### Maandag (oor)



1. Wat hoor jy?
2. By wie het sy gekla? En waarom?
3. Wat het gebeur?
4. Wat kan jy die week doen vir iemand anders?

### Dinsdag (Oë)




1. Wat sien jy?
2. Hoeveel Olie het sy gehad?
3. Hoeveel Olie het sy na die tys gehad?
4. Kon jy iemand in nood raaksien die week?

### Woensdag (Hartjie)



1. Hoe voel jy ivm die storie?
2. Hoe dink jy het die vrou gevoel?
3. Wat het jou hartjie laat vinnig klop die week?

### Donderdag (Hand)



1. Wat het die vrou gaan leen?
2. Hoe kan ons n verskil maak?
3. Wat kan ons tuis doen om n verskil te maak?
4. Wat kan ons vir God doen?

## 2 KONINGS 4 : 1 - 7 DIE WEDUWEE EN DIE KANNE OLIE

1'n Vrou van 'n profeet het haar nood by Elisa kom kla: "My man is dood. U weet self dat hy die Here gedien het. Nou het die skuldeiser gekom om my twee seuns te vat en hulle sy slawe te maak." 2Elisa het vir haar gesê: "Ek sal jou help. Sê vir my: wat het jy in jou huis?" Sy het geantwoord: "Ek het niks in die huis nie behalwe 'n erdekannetjie olie." 3Hy het toe gesê: "Gaan leen nou by al jou bure leë kruike, en sorg dat jy nie te min leen nie. 4Dan gaan jy in jou huis in, maak die deur agter jou en jou seuns toe, en gooi elkeen van hierdie kruike vol olie. Soos elkeen vol word, moet jy hom wegpak." 5Sy is van hom af weg. Sy het die deur agter haar en haar seuns toegemaak. Soos hulle die kruike na haar toe aangedra het, het sy hulle volgemaak. 6Toe die kruike vol was, sê sy vir een van haar seuns: "Bring vir my nog 'n kruik." Maar hy het gesê: "Daar is nie meer 'n kruik oor nie." Toe het daar nie 7meer olie uit die kannetjie gekom nie. Sy het by die man van God aangekom en dit vir hom vertel. Hy het gesê: "Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oorbly."

1. Wie is jou koning?
2. Hoe sorg God elke dag vir jou?

***"Here help my om elke dag my bekommernisse na U toe te bring, sodat ek op die regte tyd gehelp kan word."***

